kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Vreemdelinge"

Skriflesing: Genesis 18

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Broodjies vir die pad

"We sometimes encounter people, even perfect strangers, who begin to interest us at first sight, somehow suddenly, all at once, before a word has been spoken."
– Fyodor Dostoyevsky, Crime and Punishment

"A friend may be waiting behind a stranger's face."
– Maya Angelou, Letter to My Daughter

"All great literature is one of two stories; a man goes on a journey or a stranger comes to town."
– Leo Tolstoy

"The most beautiful thing we can experience is the mysterious. It is the source of all true art and science. He to whom the emotion is a stranger, who can no longer pause to wonder and stand wrapped in awe, is as good as dead –his eyes are closed. The insight into the mystery of life, coupled though it be with fear, has also given rise to religion. To know what is impenetrable to us really exists, manifesting itself as the highest wisdom and the most radiant beauty, which our dull faculties can comprehend only in their most primitive forms–this knowledge, this feeling is at the center of true religiousness."
– Albert Einstein, Living Philosophies

"Religion is not about accepting twenty impossible propositions before breakfast, but about doing things that change you. It is a moral aesthetic, an ethical alchemy. If you behave in a certain way, you will be transformed. The myths and laws of religion are not true because they they conform to some metaphysical, scientific or historical reality but because they are life enhancing. They tell you how human nature functions, but you will not discover their truth unless you apply these myths and doctrines to your own life and put them into practice."
– Karen Armstrong, The Spiral Staircase: My Climb Out of Darkness

"And sometimes it's the very otherness of a stranger, someone who doesn't belong to our ethnic or ideological or religious group, an otherness that can repel us initially, but which can jerk us out of our habitual selfishness, and give us intonations of that sacred otherness, which is God."
– Karen Armstrong

◆◆◆

Doekvoet

(*Bunolagus monticularis*)

In die Karoo Hooglande is tyd
in die sterre,
en deur die groot teleskoop
kan jy die oorsprong van die heelal
tussen Jupiter se mane
en kwasars opspoor.
Die Khoisan kon die melkweg
met die naakte oog bespied
en in die donker niet
van riete die spoor
van doekvoetjies naloop.
Deur die geweerlope van jagters
verskiet die skaars sterre
van die haseryk: die doekvoet
se tyd loop soek-soek uit.

Nicolette van der Walt / 2017

http://versindaba.co.za/2017/01/15/nicolette-van-der-walt-doekvoet/

◆◆◆

"We are meaning-seeking creatures. Dogs, as far as we know, do not agonise about the canine condition, worry about the plight of dogs in other parts of the world, or try to see their lives from a different perspective.

But human beings fall easily into despair, and from the very beginning we invented stories that enabled us to place our lives in a larger setting, that revealed an underlying pattern, and gave us a sense that, against all the depressing and chaotic evidence to the contrary, life had meaning and value"
– Karen Armstrong, A Short History of Myth

◆◆◆

Boeke wat 'n mens bybly

Jo Prins

Ons almal het boeke wat ons lewens deur 'n besondere indruk op ons gemaak het – vir welke rede ook al.

Daar is boeke wat jou rig, boeke wat jou bybly en boeke wat vuurtorings is wanneer die rotse net dáár in die mis skuil.

Hier is my top-tien.

Een van die eerste boeke wat my ma vir my gegee het (wat ek intussen in Afrikaans aangeskaf het):

1. *Die klein prinsie* deur Antoine de Saint-Exupéry. Uit die Frans vertaal deur André P. Brink (Tafelberg)

'n Kinderboek wat sedert 30 April 1975 saam met my is:

2. *Joris en Jorinda – 'n sprokie* (Nasionale Boekhandel, 1970)

Die twee boeke wat my op universiteit die meeste beïnvloed het:

3. *('YK')* deur Breyten Breytenbach (Taurus)

4. *Sewe dae by die Silbersteins* deur Etienne Leroux (Human & Rousseau)

Twee boeke wat elke joernalis móét lees:

5. *In Cold Blood* deur Truman Capote (Penguin)

6. *The Story of a Shipwrecked Sailor* deur Gabriel García Márquez (Penguin)

Die één boek wat altyd in my reistas is:

7. *W.B. Yeats. Poems Selected by Seamus Heaney* (Faber and Faber)

Een van min boeke wat ek meer as eenkeer gelees het:

8. *Immortality* deur Milan Kundera (Faber and Faber)

Dalk die beste kortverhaalbundel die laaste 15 jaar?

9. *Everyting Ravaged, Everything Burned* deur Wells Tower (Granta)

En laastens, iets wat by 'n mens spook. . .

10. *Slaughterhouse 5* deur Kurt Vonnegut (Vintage)

Hoe lyk jóú top-tien?

*** Jo Prins** *is boekeredakteur van die Afrikaanse dagblaaie en Netwerk24 se boekeblad.*

http://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/boeke-wat-n-mens-bybly-20161220

Brood vir die pad

Kommentaar: Gedenk en vier is g'n speletjie nie

In 2017 herdenk kerke wêreldwyd die Hervorming, 500 jaar ná Luther se stellinge. Maar hoe? Hoe gedenk en vier 'n mens dié soort oomblik?

Oor jare word dié beweging as Protestantisme bekend, omdat dit gebore is uit protes teen wat destyds as misstande ervaar is. Dit word beskryf as Reformasie en Hervorming omdat die strewe was na vernuwing, herstel, terugkeer na die evangelie soos die apostels dit verkondig het en na die bedoelinge van die Skrifte wat dié evangelie verkondig.

Mettertyd sou 'n Latynse motto gewild word vir dié self-verstaan, naamlik *ecclesia reformata semper reformanda secundum Verbum Dei*, letterlik: 'n hervormde Kerk bly steeds aan 't hervorm ooreenkomstig Gods Woord.

Dié laaste woorde was die sleutel, "volgens Gods Woord", ooreenkomstig die bedoelinge, skopus, gerigtheid van die evangelie self. Nie alle protes is immers legitiem, nie alle besware gegrond, nie alle vernuwing sinvol nie? Dit gaan tog nié om die blote aanpassing van kleredrag en musiek, sedes en gebruike nie, maar om die bedoelinge van die evangelie self – om goeie nuus, om die nuwe gebod van liefde, om genade en ontferming en geregtigheid en lewe?

Daarby moes dié bedoelinge steeds al meer ontdék word, beter verstaan, helderder onderskei. Dis nie asof die Kerk ooit wéét nie, dié Kerk moes steeds bly leer, núút luister, núút hoor, béter verstaan, fýner gewaar word, sensitiewer aanvoel, liefdevoller optree, regverdiger, steeds méér genadig, méér verwelkomend, méér gasvry, méér insluitend, méér diensbaar, méér versoenend, immers " 'n hervormde Kerk bly steeds aan 't hervorm". Nooit tevrede, selftevrede, selfvoldaan, gearriveer nie, nee, altyd soekend, ondersoekend en steeds ontdekkend, al méér gehoorsaam aan die roeping, al méér getrou aan die eerste liefde.

Maar natuurlik werk dit nie altyd so nie. En oomblikke van gedenk en onthou, is oomblikke om opnuut dáárvan bewus te word. Presies 50 jaar gelede word die gryse 80-jarige Protestantse teoloog Karl Barth na Rome genooi, pas ná die Katolieke Kerk se Tweede Vatikaanse Konsilie, 'n tyd van ingrypende besinning en vernuwing. Daarna vra die ekumeniese Protestantse leierskap na sy indrukke. Byna bewoë skryf Barth dat dit kan gebeur dat ander ons verbygaan deur te dóén waarop ons eintlik roem dat dit is wie óns is en wat óns doen. Dat diegene teen wie óns geprotesteer het, nou méér getrou uitleef wat ons beweer óns voor staan as onsself. Dis die moeilikheid van viering.

Ons raak dalk so meegevoer met ons ontstaan, identiteit, voortbestaan en selfbehoud dat ons vergeet van ons roeping, van waarvoor ons eintlik dáár ís. En dit geld veel méér as die Kerk. – DJS

http://www.netwerk24.com/Stemme/Kommentaar/kommentaar-gedenk-en-vier-is-gn-speletjie-nie-20170114#

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877